

ADOLPH COQUI GELEERDE SWERWER

By die studie van die vroeë Vrystaatse geskiedenis en veral by die van die onafhanklikheidswording van die O.V.S. kom die naam van Adolph Coqui telkens voor. Dat hierdie man 'n aansienlike bydrae tot die totstandkoming van die Republiek gelewer het, blyk dan ook baie duidelik by die deurlees van argiefstukke. Maar oor Coqui as persoon, bevat hierdie stukke uiters geringe inligting. Sy herkoms, sy verblyf in Suid-Afrika en sy einde en heengaan blyk in 'n wolk van geheimsinnigheid gehul te wees en in hierdie artikel word daar gepoog om 'n mate van helderheid oor sy lewe en loopbaan te verkry.

Die onafhanklikheidsbeweging van die Vrystaat het op Harrismith begin en hierin het Coqui saam met P. M. Bester, Marius Cauvin en A. H. Stander 'n leidende aandeel gehad.¹ Hy is aangestel in 'n kommissie om 'n ontwerp-grondwet vir die nuwe republiek op te stel en op 30 Maart 1854 word sy ontwerp saam met die van Groenendaal en Orpen bespreek²

Dat ons hier met 'n buitengewoon merkwaardige persoon te make het, blyk dan ook baie duidelik uit die volgende geskifte wat lig werp op sowel sy karakter en bekwaamheid as op sy herkoms — wat tot vandag toe nog betreklik duister is aangesien Coqui tog klaarblyklik geen Vortrekker was nie.

Orpen, 'n tydgenoot, skryf in sy uiters interessante relaas oor die vroeë Vrystaatse geskiedenis soos volg oor Coqui en sy bydrae tot die stigting van die Republiek: „But the principal moving spirit at Harrismith on this occasion was a Mr. Adolph Coqui, a shopkeeper of (I think) Belgian-Jewish extraction also a handsome and clever man who in my opinion represented the intellect of the principal initiating movement. He had been a shopkeeper in Natal under the Boer regime”.³

Hier kry ons dan die vroegste gegewens oor Coqui se herkoms, voorkoms en bekwaamheid en dit word taamlik aangevul deur J. H. Malan wat o.a. skryf dat „(Sir George Clerk) het die beroemde smousswerweling onder die Emigrante in dié dae, Adolph Coqui se hulp ingeroep. Laasgenoemde was 'n Portugese Jood en daar was geen Emigrant in Natal, Ohrigstad, Potchefstroom of Winburg wat hom nie goed geken het nie. In die veertiger jare was hy enige jare lank ook in Ohrigstad se omstreke woonagtig. Vandag was hy hier, môre daar met sy waens en pakke negosieware, 'n alombekende, gewilde en tog geheimsinnige mens.

„Hy was 'n wildwakker man, intelligent, goed opgevoed en manierlik in sy omgang. Aangesien hy sedert 1839 (sic) onder hulle rondgedool

1. Steytler, F. A.: *Die Geskiedenis van Harrismith* (Bloemfontein, 1932) p. 38.
2. V.R. Notule 30 Maart 1854: *S.A. Argiefstukke. Oranje-Vrystaat No. 1*, p. 34; Scholtz, G. D.: *Die Konstitusie en die Staatsinstelling van die Oranje-Vrystaat*, (Amsterdam, 1937), pp. 4-5.
3. Orpen, J. M.: *Reminiscences of Life in South Africa*, p. 287, Durban 1908; *Suid-Afrikaanse Argiefstukke. Natal No. 1*, p. 101 (17 Junie 1841), p. 181 (4 en 5 Des. 1843), pp. 454, 455 (Sept. 1843); *Natal No. II*, p. 256 (10 Maart 1848) Meeting 25, Annexure 10, Enclosure 1, Cape Archives G.H. 28 No. 48.

521

Bloemfontein March 28. 1854.

To His Excellency

G. P. van R. H. C. B.

His special Commissioner
Capeberg.

From Mr. Bester and others I learned, that Your Excellency expressed some dissatisfaction at my absence from Bloemfontein on the 15th ultmo., and I beg to state, that this absence was owing to a journey on business to Natal, and also to the short

In conclusion I beg to acquaint Your Excellency that I hold a trifling claim upon Government, to which the enclosed copy of a letter by the Secretary to Bishop Plots refers and which I beg to bring to Your notice - I have the honor to be
Sir.

Your Excellency's most obedient servant

Adolph Coqui

Aanhef en Slotgedeelte van 'n eiehandige geskrewe brief van
Adolph Coqui (Kaapse Argief).

het, was hy reeds Afrikaner in sy uitkyk en oortuigings; inderdaad 'n hupse, toonaangewende man.

„Hy was ook rats met die pen en hiermee was hy 'n beduidingsvolle hulp vir Cauvin”.⁴

Coqui is later as die Republiek se onbesoldigde gesant in Natal benoem⁵ nadat hy 'n pos in die Uitvoerende Raad geweier het⁶ „en hiermee (skryf Malan) verdwyn die merkwaardige mens uit die geskiedrolle van Suid-Afrika. Dis byna 'n ongerymde, half-ongelooflike verskynsel in die Vrystaatse bevolking dat twee ingeburgerde vreemdelinge⁷ die voor-tou moes neem om hulle soewereine onafhanklikheid vir hulle te kry”.⁸

In verband met Coqui se herkoms en nering, praat Steytler van „'n Duitse Jood, sedert 1840 'n bekende smous onder die Voortrekkers wat handelstogte onderneem het van Durban tot in Lydenburg”.⁹ Ook sir George Clerk noem hom 'n Duitser „and the only survivor of 33 Boers who accompanied him in the journey to Delagoa Bay”.¹⁰ Ons kry egter 'n volledige verslag van hierdie reis by Thomas Baines soos Coqui self die besonderhede daarvan aan hom vertel het, blykbaar met die versoek dat dit nie wêreldkundig gemaak word nie „lest the Boers take offence at his disclosing the secret of their land”. Die geselskap bestaande uit vyf blankes (waronder ook ene Van Breda, Coqui se skoonvader) en drie Bantoes het op 4 Maart 1846 vanaf Ohriststad vertrek en op 31 Maart in Delagoabaai aangekom om op 7 April weer huiswaarts te keer. Coqui was die enigste lid van die reisgeselskap wat hierdie onderneming oorlewe het — die ander het almal van koors omgekom. Coqui self het in 'n ellendige toestand in die Transvaal aangekom en amper met sy lewe geboet.¹¹ 'n Verdere verwysing na hierdie tog na Delagoabaai is te vinde by James Chapman in sy bydrae *Our Gold Fields*.¹²

In 1857 verskyn daar in Londen van Coqui se hand 'n pamflet getiteld *Practical Remarks on the Conolly of Natal*.¹³ Hierdie werkie kon die skrywer nie in Kaapstad onder oë kry nie, maar professor A. F. Hattersley van Pietermaritzburg skryf in 'n private mededeling „The book is most valuable for the information on the economic development of the coastlands, mentioning the pioneer planters. It is significantly dedicated to Sir Thomas Bazley, the Manchester cotton magnate, but gives no per-

4. Malan, J. H.: *Die Opkoms van 'n Republiek* (Bloemfontein, 1929), pp. 196-197.

5. V.R. Notule 18 April 1854. *Suid-Afrikaanse Argiefstukke Oranje Vrystaat* No. 1, p. 62; *Natalse Argief*, C.S.O. 71, No. 24.

6. *Vrystaatse Argief*, O.R.S. 31/112.

7. Hier word verwys na Adolph Coqui en Marius Cauvin.

8. Malan, J. H.: t.a.p. p. 197.

9. Steytler, F. A.: t.a.p. p. 35.

10. Malan, J. H.: t.a.p. p. 495.

11. Kennedy, R. F. (red.): *Thomas Baines: Journal of Residence in Africa 1842-1853*, Vol. II (1850-1853), pp. 177-180, (Van Riebeeck-Vereniging No. 45, Kaapstad, 1964), pp. 177-180.

12. Chapman, J.: *South African Magazine*, Sept. 1868, p. 550.

13. Coqui, A.: *Practical Remarks on the Colony of Natal*. Londen, 1857. 'n Eksemplaar op mikrofilm kom voor in die Staatsargief, Pretoria. EUR [oorspronklike aanwinningsnommer E 50(a)(185)].

521

Bloemfontein March 25. 1854.

To His Excellency

Sir G. P. Clerk. H. C. B.

His special Commissioner
Colesberg.

Sir,

From Mr. Bester and others I learned, that Your Excellency expressed some displeasure at my absence from Bloemfontein on the 15th ult^o, and I beg to state, that this absence was owing to a journey on business to Natal, and also to the short

In conclusion I beg to acquaint Your Excellency that I hold a trifling claim upon Government, to which the enclosed copy of a letter by the Secretary to Bishop Peck refers and which I beg to bring to Your notice - I have the honor to be

Sir,

Your Excellency's most obedient servant

Adolph Coqui

sonal details of Coqui's life. I read it in the Colonial Office Library, London".¹⁴

In die sestigerjare is Coqui benoem tot Lid van die Natalse Wetgewende Raad.¹⁶ In Februarie 1860 bring hy besoek aan Engeland en keer in Julie 1861 na Natal terug.¹⁵

Verdere blyke van Coqui se karakter en geleerdheid word weergegee in onderstaande brief van 11 Oktober 1848 van komdt. P. Erasmus aan die Heer R. Southey „Secretary to H.M. High Commissioner, Vaal River".¹⁷ Waarde Heer,

Wel hoopende dat deze ue in gezondheid ontvangen moge en ook dat ue gelukkig met ue onderneming vort gaat. Ue zal so hoop ek myn niet kwalyk nemen dat ek ue over iets schryven maar voor een vriend waag men dikmaals meer als anders. Hier was heeden dag by myn in den Huis den Heer Adolph Coqui, die zo verre ek hem bekend is een Zeer knap en fatzoenlyk man is en goed geleerd in den Englische, Duitsch en Hollandsche taal, hy schryf een knap hand en is in den Zypher kunst wel opgebragt, denkende mischien dat ue voor den Landdrost van Vaal Rivier alwaar hy woonagtig is, een klerk nodig moge hebben, als ue voor hem konde iets doene zoude ek zeer verblyd zyn.

Na Groete

Blyf ek waarde Heer
ue D.W. Dienaar en Vriend

P. Erasmus,

Commandant.

Aan den Wel Edle
Heer R. Southey,
Vaal Rivier.

Coqui se geleerdheid en penvaardigheid in die Engelse taal, blyk ook baie duidelik uit onderstaande brief uit die Vrystaatse argief — sy enigste eiehandige geskrif wat die skrywer van hierdie artikel kon naspoor.¹⁸

Bloemfontein, March 25, 1854.

To His Excellency
Sir G. R. Clerk, K.C.B.
H.M. Special Commissioner
Colesburg.

Sir,

From Mr. Bester and others I learned that Your Excellency expressed some dissatisfaction at my absence from Bloemfontein on the 15th ultmo, and I beg to state that this absence was owing to a journey on business to Natal, and also to short notice which was given to the Representatives

14. Hattersley, A. F.: private mededeling, 27 Mei 1963.

15. Steyn, C.: aangehaal deur S. A. Rochlin in *Zionist Record*, 22 Junie 1956.

16. *Natal Mercury*, 16 Feb. 1860, 2 Julie 1861.

17. Kaapse Argief: G.H. 22/4. Brief No. 150.

18. Vrystaatse Argief. O.R.S. 31/112. Daar moet rekening gehou word met die moontlikheid dat die hele brief deur 'n Engelsskrywende vooraf opgestel kon gewees het en agterna deur Coqui in sy eie handskrif oorgeskrywe kon gewees het.

of the meeting — I must remind Your Excellency of the arrangement You made verbally with myself, to the effect that at least six weeks notice would be given; instead of which the postal arrangements between Bloemfontein and Harrismith consumed 16 days of the short intimation afforded, and being at that time in Natal it was a matter of impossibility for me to attend in time —.

I now beg to congratulate Your Excellency upon the accomplishment of Your object on so much easier terms than could have been expected, or were in fact contemplated; while I must deplore that Your hasty departure from amongst us will doubtless increase the disorder, which we may expect on the 27th and which it is at present my object to prevent by joining if possible the opposite parties in the formation of an efficient Government. —

It is satisfactory, that already several Englishmen have been elected as members of the Council, and I have some hopes that a mixed Government may be formed in which both parties participate —

I myself have declined the office as member for the Council, intending to take my residence in Natal, immediately after the formation of a Government as efficient as the conflicting mass of materials will allow, at the same time I beg to acquaint Your Excellency, that should you wish for any suggestions, which might have a beneficial tendency towards creating greater satisfaction amongst the Inhabitants of the upper Districts particularly, without requiring material outlay, or involving concessions on the part of H.M. Government, I shall be happy to forward some further communication.

In conclusion I beg to acquaint Your Excellency that I hold a trifling claim upon Government, to which the inclosed copy of a letter by the Secretary to British Res^{dt} refers and which I beg to bring to Your Notice —

I have the honor to be

Sir

Your Excellency's most obedient servant
Adolph Coqui.

Dit is klaarblyklik 'n brief van 'n welopgevoede en geletterde persoon. Coqui was 'n afgevaardigde van die distrik Harrismith op die Raad van Representanten. Hy was egter afwesig, vandaar bostaande brief.

Wat Coqui se herkoms betref, het ons nou die volgende bewerings: Volgens Orpen was hy 'n Belgiese Jood, volgens Steytler 'n Duitse Jood en Malan 'n Portugese Jood. Daarbenewens noem Bird hom 'n Fransman.¹⁹ Arthur Barlow, die Vrystaatse politikus, verwys na Coqui as „ a Belgian Jew”.²⁰

Eienaardig genoeg, vind 'n mens by nie een van die voorgenoemde skrywers, enige dokumentêre bewys hoegenaamd van hul bewerings aangaande Coqui se nasionaliteit of geloof nie. Dit blyk maar net dat latere

19. Bird, J.: *Annals of Natal 1495-1845*, Deel II, p. 105. Pietermaritzburg, 1888.

20. Barlow, A.: *Cape Times*, 22 Des. 1948.

skrywers hierdie bewerings oorgeneem het. Tevergeefs word daar gesoek na enige bewysstuk om sodanige beweringe te staaf. Sover bekend, bestaan daar nie alleen geen portret van Coqui nie, maar ook geen beskrywing van sy voorkoms nie, behalwe die aanmerking van Orpen dat hy „handsome” was. Dit was dan ook inderdaad die raaisel en geheimsinnigheid omtrent Coqui se herkoms wat aanleiding gegee het tot hierdie brokkie geskiedkundige navorsing.

Uit 'n onverwagte bron is toevallig ontdek dat daar in 1905 'n sekere mnr. Henri Christian Coqui in Kimberley oorlede is²¹ en het verdere navorsing aan die lig gebring dat daar nog in die jaar 1963 'n seun van laasgenoemde, en dus 'n kleinseun Adolph, in daardie stad woonagtig was.²² Daar kan stellig aanvaar word dat die vornaam „Christian” hoegenaamd nie dui op 'n Joodse afkoms nie, alhoewel dit natuurlik nie geheel en al teenstrydig is met 'n Joodse afstamming nie. Trouens die huidige Coqui's hier te lande, is ook almal Christene en vir 'n lewende lid van hierdie familie, het die moontlikheid van 'n Joodse herkoms hom dan ook trouens heeltemal verrassend en vreemd voorgekom.²³

'n Leidraad uit die Natalse argief, het immers 'n ligstraaltjie op hierdie saak laat deurskemer.²⁴ Daar word gemeld dat Adolph Coqui in 1841 uit Braunschweig, Duitsland, in Natal aangekom het en verdere navraag in Braunschweig het dan ook die volgende belangrike gegewens aan die lig gebring: sy vader was Heinrich Christian Coqui, koopman, en sy moeder was Johanne Henriette Röer (of Rour). Theodor Julius Adolph Coqui soos sy volle name was, is op 17 Julie 1818 te Braunschweig gebore en op 2 Augustus 1818 aldaar in die Katharinenkirche (Evangelies-Luthers) gedoop. Adolph se ouers is in die Ulrickirche te Braunschweig in die huwelik bevestig.²⁵

Ongetwyfeld dus was Adolph Coqui geen Jood nie maar wel 'n Duitse Protestant! Coqui is egter geen Duitse familienaam nie en die moontlikheid het nog steeds bestaan dat Adolph se voorsate wel van Joodse afkoms kon gewees het. Die reedsgenoemde mnr. Coqui uit Kimberley, meen dat sy voorouers tydens die Hervorming vanuit Frankryk na Duitsland kon verhuis het.²⁶ Geen bevestiging kon egter vir hierdie mening gevind word nie.

Die gedagte is ook al uitgespreek dat Coqui 'n Sefardies-Joodse familienaam is.²⁷ Die Sefardiese Jode (Sefarad = Spanje by die middeleeuse Jode),²⁸ is in 1492 uit Spanje en in 1496 uit Portugal verdryf. Nasate van die uitgewekenes het in Engeland, Turkye, Holland, Duitsland, Italië en Noord-Afrika beland. Soos alombekend, het die Sefardiese Jode 'n

21. *South Africa*, Londen, 9 Des. 1905, p. 729.

22. *Diamond Fields Advertiser*, Kimberley, 25 Sept. 1963.

23. Coqui, C. Private mededelings. 24 Sept. 1963 en 16 Okt. 1963.

24. Natalse Argief. C.S.O. 2282.

25. Stadsargivaris, Braunschweig, Wes-Wuitsland. Private mededeling, 14 Okt. 1963.

26. Coqui, C.: Private mededeling, 11 Nov. 1963.

27. Rochlin, S. A.: *Zionist Record*, Kaapstad, 22 Junie 1956.

28. Roth, C.: *A Short History of the Jewish People*. Londen, 1953, p. 174.

luisterryke tydvak in Spanje belewe. Hier het hulle die hoogste betrekkinge aan die hof en universiteit beklee en in vele vertakkinge van die geleerdheid die boonste sporte bereik. In hul geledere was daar van die knapste deskundiges op die gebied van die sterrekunde, wiskunde, kartografie, skeepvaartkunde, digkuns, drama en geneeskunde. Baie van hulle was byvoorbeeld betrokke by die ontdekkingsreise van die voorste skeepvaarders soos Columbus en Vasco da Gama. Sommige is tot die Christendom bekeer, waarvan 'n menigte later weer tot die Joodse geloof teruggekeer het.

Welbekende name onder die afstammeling van die Sefardiese Jode is Disraeli (die Britse staatsman), Spinoza (die Nederlandse filosoof), Ricardo (die Britse ekonoom), Pinero (die Britse dramaturg), da Costa (die Nederlandse digter), de Porto-Riche (die Franse dramaturg), en Joseph Suasso de Lima, die Suid-Afrikaanse skrywer en digter in Kaapland in die neëntiende eeu. Talryke ander het groot luister en roem in die oorde van hul heenkome verwerf.²⁹

Uitgebreide navraag in Londen, waar daar vandag nog 'n aansienlike Sefardiese gemeente bestaan, kon geen Coqui onder hulle lidmate opspoor nie. Daar bestaan blykbaar wel 'n „Conqui” onder die Sefardiem.³⁰ Die Algemene Argief vir Geskiedenis in Israel, meen egter dat Coqui 'n hoogs onwaarskynlike oorgangsvorm van die naam Conquy of Conqui is, maar erken die moontlikheid dat Coqui se moeder Johanne Henriette Röer van Joodse afkoms kon gewees het.³¹ Geen bewyse word egter aangevoer nie.

Dit bly dus steeds onverklaarbaar waarom etlike skrywers telkens beweer dat hierdie knap en kundige swerweling, 'n Jood was. Al gevolgtrekking waartoe gekom kan word, is dat Adolph Coqui 'n bepaalde, moontlik opvallende, Joodse voorkoms moes gehad het en 'n dienooreenkomstige indruk geskep het.

Waarom daar onsekerheid oor sy geboorteland geheers het, is ook moeilik te begryp. Soos reeds gemeld, is hy in Braunschweig, Duitsland, gebore, maar alle besonderhede oor sy opvoeding ontbreek. Daar is sprake dat Coqui 'n tydlank op die spoorweg in België werksaam was, wat moontlik aanleiding gegee het tot die vermoede dat hy 'n Belg was.³² Coqui was terloops ook by die aanleg van die eerste spoorweg in Natal betrokke.³³ Hy het in 1841 in Suid-Afrika aangekom en is in 1842 getroud met Anna Frederika Servasina van Breda.³⁴ 'n Dogter Charlotte Carolina

29. Roth, C.: *A History of the Marranos* (Philadelphia, 1932), p. 319.

30. Barnett, R. D.: Argivaris, Spanish and Jewish Synagogue, Londen. Private mededeling, 9 Feb. 1964.

31. Algemene Argief vir Geskiedenis, Jerusalem, Israel. Private mededeling, 22 Julie 1964.

32. Coqui, C.: Private mededeling, 16 Okt. 1963.

33. *South African Railways: History, Scope and Organisation*. Johannesburg, 1947, p. 13; Kennedy, R. F.: t.a.p. p. 55 (voetnoot) „In 1859 (Coqui) was one of the provisional directors of the company which opened the first railway in South Africa”.

34. Natalse Argief: C.S.O. 2282; Natalse Argief: C.S.O. 2244 (D.290); Natalse Argief: Stukke van die Landdros, Pietermaritzburg, No. 20 (*Notulen van Commissarissers*

Johanne Coque (sic) is op 23 April 1848 gedoop op die plaas Kromdrift aan Bloemspruit by Valschrivier. Haar geboortedatum word in die register aangegee as 28 Junie 1848.³⁵ Volgens sy kleinseun in Kimberley, is Adolph Coqui in 1895 oorlede, maar geen amptelike bevestiging kon hiervoor gevind word nie.³⁶

By die Weeshere van Kaapstad en Pietermaritzburg kon geen inligting oor Coqui se boedel verkry word nie en navraag by die Registrateur van Geboortes en Sterfgevälle in Pretoria, het eweneens geen vrugte afgewerp nie.

Vir 'n groot deel bly die lewe van hierdie ondernemende, alombemide en fatsoenlike handelaar, wat so 'n betekenisvolle rol in die openbare en staatkundige lewe van die jong Vrystaatse Republiek gespeel het, nog steeds in duisternis en geheimsinnigheid gehul. Tewens bly die boeiendste raaisel, die feit dat Adolph Coqui as Jood bekend gestaan het dog (tog heel duidelik) geen gebore Jood was nie.

Dr. E. M. Sandler.

35. Argief van N.G. Kerk in Suid-Afrika, Kaapstad. Mededeling 29 Mei 1964.

36. Coqui, C.: Private mededeling, 16 Okt. 1963.
van Huwelyksche Zaken, onder die datum 16 Nov. 1842).